

VAN STAMVERWANTE BODEM

In *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. 14, nr. 4) verskyn 'n belangrike bydrae van die hand van P. van Vliet oor die aankope van Spaanse skilderye deur koning Willem I van die Nederlande wat tans in die Amsterdamse *Rijksmuseum* aanwesig is. Onder hulle is 'n paar werke van B. E. Murillo. In 1823 is o.m. 17 skilderye uit die versameling van gravin Bourke (Parys) namens die kunsminnende koning aangekoop.

Sowel in die maandblad *Ons Amsterdam* (jg. 19, nr. 3, Maart 1967) as in die Nederlandse pers is besondere aandag gewy aan die tentoonstelling *De wereld op papier* in die *Amsterdamse Historisch Museum*. Een van die liefhebberye van welgestelde 17de eeuse Nederlanders, was om topografiese versamelings aan te lê. Een van die bekendste Amsterdamse versamelaars was adv. Laurens van der Hem (1620-1678) wat in die loop van ongeveer 35 jaar 2,115 kaarte, tekeninge, prente, handskrifte e.d.m. versamel het. Uiteindelik het hierdie kosbare versameling uit 50 bande bestaan en is dit in 1730 deur die bekende veldheer prins Eugenius van Savoje aangekoop. In 1737 is alles aan die Weense Hofbiblioteek, tans bekend as die *National Bibliothek*, verkoop en tans is, vir die eerste maal in die geskiedenis, weer 'n paar bande in die stad van herkoms tentoongestel.

Wat van besondere belang is, is 'n versameling kaarte en tekeninge uit die argief van die V.O.C., t.w. reproduksies uit die sogenoemde geheime atlas van die Kompanjie. Volgens die betrokke artikel is daar, onder die kaarte, ook 'n aantal wat betrekking op ons wêrelddeel het.

By die uitgewers *N.V. De Arbeiderspers* (Amsterdam) het as nr. 12 van die Floretreeks 'n Nederlandse vertaling van Karl R. Popper se bekende studie *The poverty of historicism* onder die titel *De Armoede van het Historicisme* (174 bl., 1967) verskyn. In sy werk bepleit die skrywer dat die leer van die historiese noodsaaklikheid nie op vaste grondslae berus nie. In dié verband voer hy die volgende stellings aan: Die loop van die geskiedenis van die mensheid word sterk beïnvloed deur die groei van die menslike kennis. Ons kan die toekomstige groei van ons wetenskaplike kennis nie volgens rasionele of wetenskaplike metodes voorspel nie. Derhalwe kan die toekomstige verloop van die geskiedenis van die mensheid nie voorspel word nie. Dit beteken dat ons moet afsien van die moontlikheid van 'n historiese sosiale wetenskap wat sou ooreenkom met die teoretiese natuurkunde. 'n Wetenskaplike teorie van die historiese ontwikkeling, wat as grondslag sou dien vir die voorspelling van die geskiedenis, is nie moontlik nie. Derhalwe berus die fundamentele doelstelling van die historiese metode op 'n dwaling en is die historisisme dus 'n mislukking. Die studie is geskrywe „Ter herinnering aan de talloze mannen en vrouwen van alle geloofsovertuigingen, naties en volken, die het s'achtoffer zijn geworden van het fascistische en communistische geloof in de Onverbiddelijke Wetten, die de loop van de geschiedenis zouden bepalen.”

In *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. 15, afl. 1) is die lewensloop en werk van die Switserse skilder Samuel Hofmann (1592-1649) bespreek. 'n Aantal van Hofmann se skilderye is in Nederland vervaardig. Onlangs is vasgestel dat hy in 1622 in Amsterdam getroud is.

Verder was hy o.m. in sy geboortestad Zürich, in Antwerpen, Breisach en Frankfurt am Main werksaam. Hy is in laasgenoemde stad oorlede. Onder *Keuze uit de aanwinsten* (p. 34 e.v.) kom 'n afbeelding van 'n familieportret (David George van Lennep en sy gesin) voor wat in 1770 of 1771 in Smirna geskilder is.

In *Circuit* (nr. 17) is deur D.H.H. die vernaamste gebeurtenisse met betrekking tot Nederland in 1966 geskets, terwyl J. van Sliedregt sy aandag op die jongste

begroting toegespits het. Die bevolking van Nederland bedra tans 12.6 miljoen, terwyl in 1966 2,283 tot vestiging in Australië, 254 na Brasilië en 3,506 na Kanada vertrek het. Ten opsigte van Nieu-Seeland, die V.S.A., ons land en ander lande geld onderskeidelik die volgende syfers: 545, 1,292, 1,119 en 102. Van 1962 tot 1966 het onderskeidelik 490, 631, 903 en 1,116 landverhuisers na die R.S.A. gekom.

Heraldiek is die titel van nr. 26 in die Fibulareeks (Bussum, 1967, 120 bl.) waarin drs. J. A. de Boo allereers die vraag beantwoord wat onder heraldiek verstaan word en vervolgens o.m. die heraldieke wapenrusting, die opkoms van die heraldiek en die moderne heraldiek bespreek. Klein van omvang is hierdie publikasie besonder goed geïllustreer. 'n Literatuurlys, waarin o.m. verskillende werke van dr. C. Pama genoem is, is aan die teks toegevoeg.

N. Miletic en *R. Pandelaers* het in die tydskrif *Antwerpen* (nr. 2, Julie 1967) 'n belangrike bydrae onder die titel *De kunst der Bogomilen* gepubliseer. Die Bogemile was lede van 'n Christelike sekte wat gedurende die 10e eeu in Boelgarye ontstaan en tot die 15e eeu standgehou het. Tot betreklik kort gelede was Wes-Europa nog feitlik onbekend met die grafmonumente wat deur die Bogomile nagelaat is. In 1950 is sommige van hierdie kunswerke in Parys uitgestal, in 1958 het 'n tentoonstelling in Brussel gevolg en in die loop van 1967 het uitstallings in Antwerpen en Montreal aan die beurt gekom. Uit die artikel, wat met 'n groot aantal foto's verryk is, blyk o.m. duidelik dat dit nog jare sal duur voordat die laaste woord oor hierdie kunswerke gesê of geskrywe sal wees.

In *Ons Amsterdam* van Junie 1967 kom o.m. *A. L. M. Smit* se bydrae oor die voormalige vlieghawe van Schellingwoude (naby Amsterdam) voor. In 1933 het sowel 'n Italiaanse eskader onder genl. Balbo as Charles Lindbergh daar geland. In die Julie-uitgawe (1967) skrywe *M. G. Niessen* oor die aanleg van die Noordseekanaal (Amsterdam-IJmuiden), terwyl *M. Muller* 'n bydrae lewer oor die werk van die beroemde 17e eeuse etser *Hercules Seghers* van wie 'n aantal werke in die Amsterdamse *Rijksprentenkabinet* uitgestal is.

Ter geleentheid van die herdenking van die 450e sterfdag van Jeroen Bosch (1450-1516), is 'n tentoonstelling in die Noordbrabantse museum ('s Hertogenbosch) gehou waar ruim 40 panele uitgestal is. Ongeveer die helfte hiervan word as eg beskou, terwyl die mening aangaande die ander verdeel is. 'n „Elseviers Weekblad” van 2.9.1967 het Piet Jager 'n beskouing oor Bosch en die wese van sy kuns gepubliseer. Jeroen Bosch, aldus Jager, kan nie tot 'n Noordnederlandse skilderskool gereken word nie en hy voeg daaraan toe: “Zijn stijl heeft een totaal ander karakter en zijn fantasie gaat de nuchtere Hollandse gees te boven.”

Die Duitse prehistorikus prof. Gustav Riek, het naby die Suidduitse stadjie Heidenheim klipwerktuie gevind wat volgens skatting 1.8 miljoen jaar oud is. Volgens prof. Riek vorm hierdie oorblyfsels, wat langs die riviertjie Brenz aangetref is, die oudste getuienisse van menslike bedrywighede wat tot op hede in Europa gevind is, aldus *Elseviers Weekblad*.

In die jongste jaarverslag (1965) van die *Fries Scheepvaartmuseum en Oudheidkamer* (Sneek) kom o.m. 'n beskrywing voor van 'n wrak uit die laaste jare van die 17e eeu wat, na die gedeeltelike inpoldering en drooglegging van die Suidersee, deur die hoof van die afdeling *Oudheidkundig Bodemonderzoek van de Rijksdienst voor de IJsselmeerpolders* ondersoek is. O.m. is 'n aantal muntstukke en erdewerk aan boord van die vaartuig gevind. 'n Sestal foto's lig die teks toe. In dieselfde uitgawe verskyn drs. C. de Jong (Pretoria) se bydrae *De Dirkje Adema, Nederlands laatste Groenlandvaarder*. Die enigste bekende afbeelding van die skip is op Oldsum (Föhr) aanwesig.